# Minute-To-Win-It: Speletjies oor die Liefde

**Speletjie 1: Lekkergoed hartjie gooi:** Deel die gesin in twee groepe op. Gebruik koppies en rangskik hulle volgens verskillende hoogtes. Jy kan vir elke koppie 'n verskillende punt toeken. Die groepe word elkeen 'n klomp hartjie lekkers gegee en van 'n bepaalde afstand moet hulle probeer om die lekkers in die koppies tegooi. Die groep wat die meeste hartjies in 'n minuut se tyd kon ingooi wen.

**Speletjie 2: Hartjie optel speletjie**: Elke groeplid kry 'n strootjie. Die twee groepe gaan staan nou in twee rye. Plaas ook 'n tafel oorkant elke ry. Op elke tafel is daar twee bordjies. Gooi in die een bordjie lekkergoed hartjies. Soos jy die horlosie begin, hardloop elke groeplid wat eerste in die ry is na hulle tafeltjie en probeer die hartjie vassuig met die strooitjie en oordra na die bordjie langsaan. Daarna kom die volgende persoon in die ry. So gaan die speletjie aan. Die groep wat die meeste hartjies in 'n minuut se tyd kan oordra van een bordjie na 'n ander wen die speletjie.

**Speletjie 3: Valentyn kaartjies:** Gee vir elke groep 'n stuk papier met pritt, 'n skêr, kryte, koukies en ander goed wat jy in die huis het om 'n valentynes kaartjie mee te maak. Elke groep moet vir die ander groep 'n kaartjie maak. Kyk watter groep dit in 'n minuut se tyd kan regkry.

**Speletjie 4: Bou die Legkaart:** Print die prentjie aan die onderkant van die speletjies vir elke groep uit. Sny dit in 'n klomp stukke (jy kan dit inkleur of dit swart en wit los). Gee vir elke groep 'n opgeknipte prentjie en kyk wie dit in 'n minuut se tyd kan bou. Hoe ouer jou kinders is hoe moeiliker maak jy dit.

**Speletjie 5: Herstel die gebroke harte:** Druk vir elke groep 10 hartjies op karton uit. Sny elke groep se 10 hartjies in stukke en maak dit als deurmekaar. Die groepe moet nou die hartjies weer heel kry deur die regte dele by mekaar te laat pas. Die groep wat die meeste hartjies in 'n minuut se tyd heel kan kry wen die speletjie.

**Speletjie 6: Ballon soen:** Gee vir elke groep 'n paar opgeblaasde ballonne. Die groep moet die ballonne, een vir een, van die een punt van die vertrek na die ander kant van die vertrek verskuif. Hulle mag egter nie hulle hande gebruik nie, maar moet die ballon aan weerskante soen en dit so saam beweeg na die ander kant. Die groep wat die meeste ballonne in 'n minuut se tyd kan verskuif wen die speletjie

**Speletjie 7: Hartjie storie speletjie:** Druk/skryf verskillende boodskappe op die hartjies hieronder. Gee vir elke groep so 10-12 van die papier hartjies met die boodskappies op. Hulle moet die boodskappe gebruik om 'n storie oor die liefde aan mekaar te sit.

**Moontlike boodskappe om te gebruik (Wees kreatief en maak jou eie op):**

All Mine, Ask Me, Awesome, Be Good, Be True, Cool, Cutie Pie, Dear, Dear One, For You, Heart Of Gold, Hello, Love, How Sweet, Hug Me, I Heart You, I Hope, I Will, I'm Sure, I'm Yours, It's Love, It's True, LOL, Love Ya, Love You, Miss Me, My Love, My Pal, Neat, One I Love, Only You, Call Me, Real Love, Smile, Sweet Talk, Thank You, TLC, Too Sweet, True Love, You Rule, You're Tops





